WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

TENDERS KENNISGEWING

WDM 05/2021

KORTTERMYNVERSKERING VIR DIE PERIODE 01 JULIE 2021 TOT 30 JUNIE 2024

Tenders word hiermee vanaf geakkrediteerde versekeraars ingewag vir die verskaffing van korttermynversekering aan die Weskus Distriksmunisipaliteit vir die periode 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2024.

Tenders mag slegs op die voorgeskrewe tender dokumente ingedien word en is verkrygbaar vanaf **Dinsdag, 13 April 2021** by die Voorsieningskanaalbestuurskantoor van die Weskus Distriksmunisipaliteit, Langstraat 58, Moorreesburg,tel: 022 4338400 teen 'n nie-terug betaalbare deposito van R 300-00 per dokument. Bankbesonderhede kan verkry word via e-pos:scm@wcdm.co.za

Die 80/20 punte formule en Funksionaliteit soos uiteengesit in die Verkrygingsregulasies van 2017 sal gebruik word om die tender te oorweeg.

Navrae kan gerig word na Mnr P R April by tel. no 022 433 8400.

Voltooide tenders in 'n verseëlde koevert met endossement: **"TENDER WDM 05/2021: KORTTERMYNVERSEKERING"** moet voor **12:00 op Dinsdag, 11 Mei 2021 in die tender bus van die Weskus Distriksmunisipaliteit, Langstraat 58, Moorreesburg,** geplaas word waarna dit oopgemaak sal word.

Punte sal toegeken word aan tenderaars vir die verkryging van hul BBBEE status.

Tenderaars moet 'n geldige belasting uitklaringssertifikaat of die skrywe met pin kode, uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, saam met die tenderdokument indien. Tenderaars moet ook verseker dat hulle op die Sentrale Verskaffersdatabasis (CSD) as 'n verskaffer geregistreer is.

Elektroniese tenders of faksimileë is nie toelaatbaar nie en tenders wat laat ontvang word of onvolledig is, sal nie in aanmerking geneem word nie. Die Raad is nie verplig om die laagste of enige tender te aanvaar nie.

Tenders sal geld vir 'n periode van 90 dae vanaf die tender sluitingsdatum.

DC Joubert
Munisipale Bestuurder
Weskus Distrikmunisipaliteit
Posbus 242
MOORREESBURG
7310